


# DIE PROFEET DANIËL

## Inleiding en Agtergrond

### 1 Die profeet en die skrywer

Die hoofkarakter van die boek is Daniël, wat in die Babiloniese ballingskap weggevoer is saam met sy drie vriende. Die eerste 6 hoofstukke van die boek vertel sy verhaal, eerder as dat hy as profeet optree.

Die laaste 6 hoofstukke bevat die visioene van Daniël. Daniël is waarskynlik nie die skrywer nie – daar word in die derde persoon oor hom gepraat. Geleerdes reken dat die laaste 6 hoofstukke iewers na Desember 168 en voor Desember 165 vC geskryf is, toe die visioene van Daniël

inderdaad gebeur het. Die herinwyding van die tempel in Desember 165 word nie genoem nie.

## 2 Datering

Daar is verskeie menings oor die datering van die boek. Die boek vertel van die Jode in die Babiloniese ballingskap, wat in 586 vC begin het. Daar was 3 wegvoerings in die ballingskap, waarvan 586 vC die groot wegvoering was en die amptelike begindatum van die ballingskap was. Daniël en sy vriende is waarskynlik in 605 vC na Babilonië weggevoer.

Die laaste 6 hoofstukke speel af in die tweede eeu vC, tydens die Griekse oorheersing.

Israel was deel van die Seleukiede Ryk en die koning was Antiochus IV Epifanes, wat oor Juda regeer het – die gebeure in die laaste 6 hoofstukke speel af in ongeveer 165 vC. Die Jode is dus vir ‘n paar eeue reeds terug uit die ballingskap – hulle het in 538 vC teruggekeer. Hulle ly egter onder die wreedheid van Antiochus IV Epifanes.

Toe Alexander die Grote sterf in 323 vC, het hy nie ‘n opvolger gehad nie. Sy ryk is toe verdeel tussen sy vier generaals: Ptolemaios kry Egipte (sy ryk duur tot 30 vC toe Cleopatra sterf), Cassander kry Griekeland en Macedonië (hy het Alexander se vrou, seun en ma tereggestel, om sy posisie te konsolideer), Antigonus kry Klein-Asië en Seleukos

kry Mesopotamië en Palestina, dus ook Israel – die Seleukiede ryk duur van 312 – 63 vC,

## 3 Geadresseerdes en rolspelers

Die boek is bedoel vir die Jode in die Babiloniese ballingskap, maar ook vir die Jode wat later ly onder die Griekse bewind. Rolspelers is: Koning Nebukadnesar en Belsasar van Babilonië en Darius en Kores (Sirus, Cyrus), van Persië; Daniël en sy drie vriende: Hananja, Misael en Asarja (Beltsasar, Sadrag, Mesag en Abednego); Antiochus IV Epifanes.

## 4 Agtergrond

Die Babiloniese ballingskap is die agtergrond van hierdie boek. Die volk word weggevoer en ons kry ‘n beeld van wat met die ballinge in Babilonië gebeur het. Die visoene van Daniël vertel ook van die Griekse ryk en die gevolge daarvan vir die volk van God, reeds lank terug uit die ballingskap.

5 Opsomming van Daniël se boodskap

Die eerste 6 hoofstukke vertel van hoe Nebukadnesar van die Joodse ballinge, Babiloniërs wou maak. Hy verander hulle name en probeer om hulle die gewoontes van die Babiloniërs aan te leer. Daniël en sy vriende kom egter in verset daarteen en volhard in hulle geloof.

Op die ou end slaag hulle daarin om getrou te bly aan die Here en hulle getuienis uit te leef.

Die laaste 6 hoofstukke vertel van die wêreldryke van destyds: Die Babiloniërs, Mediërs, Perse en Grieke (Seleukiede) en van die lyding onder die Seleukiede. Daar word gepoog om die geloof van die Jode tot niet te maak, maar dit slaag nie.

Die boek bestaan uit 10 min of meer onafhanklike dele, wat die hoofstukindeling volg, behalwe die laaste deel wat uit hoofstuk 10-12 bestaan.

.

## Daniël 1

### Daniël 1:1-21

Hierdie hoofstuk is nie net ‘n inleiding tot die Daniëlverhaal (hoofstuk 1-6) nie, maar tot al twaalf hoofstukke. Dit skets die verhaal van Daniël en sy vriende se waagmoed en volharding in die geloof – dit dien as voorbeeld en aanmoediging vir die Jode onder verdrukking in die tyd van die Griekse ryk (hoofstuk 7-12) en dat God ook vir hulle, soos vir Daniël-hulle, sal voorsien.

### Daniël 1:1-2

Daar is bepaalde probleme met daterings in hierdie verse, en Jojakim, moet waarskynlik sy

opvolger, Jojagin wees – moontlik omdat die boek later geskryf is en detail nie meer so duidelik was nie. Dit verander egter nie aan die boodskap van die boek nie.

Nebukadnesar voer ‘n aantal Jode uit die koninklike en vooraanstaande families weg, asook ‘n gedeelte van die tempelgereedskap, wat hy in die voorraadkamer van sy god se tempel plaas. Dit was vir hulle ‘n aanduiding dat hulle god magtiger as die Here is. Vers 2 sê egter duidelik dat die Here sy volk aan die Babiloniërs oorgegee het! Die skrywer gebruik ‘n ou naam vir Babolinië: Sinar. Dit herinner aan Nimrod (Gen 10:8-12) wat ‘n klomp stede verower het, onder andere die land Sinar. Die toring van Babel is ook in die land Sinar gebou (Gen 11:2). Sinar is dus sinoniem met opstand teen God, geweld en onderdrukking. Onder Nebukadnesar duur dit voort.

**Daniël 1:3-4**

Die koning gee opdrag aan sy hoofpaleisbeampte, Aspenas, om jongmanne van koninklike en aristokratiese afkoms na die paleis te bring en hulle op te lei in die Galdese taal en skrif (spykerskrif). Normaalweg is hulle in Israel opgelei in Israelitiese wysheid en sou later as diplomate of raadgewers dien. Hulle was adollesente, wat mooi moes wees in voorkoms, geen gebreke en

toegerus met kennis en verstand en bekwaam om in die paleis diens te doen. Die Babiloniese wyses moes in die paleis diens doen en uit voortekens, die toekoms kon voorspel. Hierdie jong manne moes ook die wysheid hê om dit te kon doen.

**Kan die toekoms voorspel word?**

**Daniël 1:5-7**

Die manne moes vir 3 jaar lank opgelei word in die Babiloniese kultuur, lewenswyse en godsdiens. Hulle moet ‘n heropvoeding ondergaan. Dit word veral duidelik uit die feit dat hulle kos en wyn uit die paleis moes eet. Hierdie kos is heel waarskynlik aan die Babiloniese gode gewy. Maar hulle naamsverandering bevestig dat hulle “Babiloniërs” moes word. Daniël en Misael se name eindig met “el”, wat God beteken. Hananja en Asarja se name eindig met “ja”, ‘n afkorting vir Jahweh. Nou moet Daniël, Beltsasar word (Bel, beskerm die koning – sien 4:8) en Asarja moet Abednego (dienaar van Naboe) word. Dit is onduidelik hoe die ander 2 se nuwe name vertaal moet word: Sadrag en Mesag. Die implikasie is duidelik – hulle band met Jahweh, die God van Israel, moet verbreek word. Hulle moet ‘n nuwe identiteit kry, gekoppel aan die Babiloniese gode.

**Is daar in ons tyd dinge wat ons identiteit in Christus bedreig?**

**Daniël 1:8-13**

Daniël neem hom voor om hom nie te verontreining met die kos en wyn van die koning nie. Hy staan by sy beginsels en neem bewustelik hierdie besluit. Hy baklei egter nie daaroor nie en hy maak dit nie onaangenaam nie. Hy vra die hoofpaleisbeampte om vrygestel te word van die kos en wyn. God het Aspenas gunstig teenoor Daniël gestem. Elke nou en dan word vertel hoe God agter die skerms werk. Maar Aspenas is ook bang vir die koning. Daniël herhaal sy versoek teenoor die amptenaar wat oor hulle aangestel is en vra vir 'n proeftydperk van 10 dae, waartydens hulle net groente sal eet. Hulle voorkoms kan dan vergelyk word met die manne wat van die koning se kos eet en wyn drink. Die amptenaar moet dan na goeddunke optree.

**Help dit om te baklei vir jou beginsels en vir die eer van God?**

**Daniël 1:14-17**

Na 10 dae lyk die 4 vriende mooier en gesonder as die res van die manne en die amptenaar laat hulle toe om permanent net groente te eet. God gee aan die 4 verstand, insig in alles wat geskryf is en ook wysheid. Daniël kon enige gesig of droom uitlê. Weer 'n keer is God agter die skerms aan die werk

– hy maak deure oop vir die jongmanne wat op Hom vertrou en getrou bly aan Hom!

**Hoe ervaar jy God se “werk agter die skerms” in jou lewe?**

**Daniël 1:18-21**

Op ‘n dag moet al die Joodse jongmanne voor die koning verskyn en hy voer onderhoude met hulle. Daniël en sy vriende staan kop en skouers bo die res uit en word aangestel in die paleis. Hulle was 10 maal beter as die Babiloniese towenaars en voorspellers! Daar is moontlik ‘n simboliese konneksie tussen die 10 dae proeftydperk en die 10 maal beter as die amptenare. Diegene wat getrou bly aan God, ontvang sy guns en voorsiening. Daniël was in diens van die paleis vir die volle duur van die ballingskap, tot die eerste jaar van Kores, die Pers, wat Babilonië in 539 vC ingeneem het. Die Jode is in 538 terug na hulle land.

Daar is geen inligting in die boek wat vertel wat toe met Daniël gebeur het nie. Die geskiedskrywer Josefus (1e eeu nC), noem dat Daniël begrawe is waar al die konings van die Meders en Perse begrawe is – dus, hy het ‘n koninklike begrafnis gekry. In Joodse kringe is daar ‘n tradisie dat hy in die stad Susa (tans in Iran) begrawe is.

God is betrokke by die verloop van die wêreldgeskiedenis, maar ook by die dag-tot-dag verloop van sy kinders se lewens.

.

## Daniël 2

### Daniël 2:1-11

Moontlik is hier ook ‘n dateringsfout – die Joodse manne moes vir 3 jaar opgelei word voor hulle in diens van die paleis getree het! Dit is egter irrelevant ten opsigte van die gebeure. Die skrywer wil bloot die gebeure veranker in die geskiedenis. Nebukadnesar het ‘n droom wat hom so ontstel dat hy nie kan slaap nie. Destyds is ‘n droom van die koning beskou as ‘n openbaring van God. Daar was 4 groepe in diens van die paleis wat die toekoms moes blootlê: towenaars, voorspellers, goëlaars en sterrekykers. Metodes wat deur hulle gebruik is, was bv om die beweging van die sterre dop te hou. Hemelliggame was volgens hulle gode, en wat in die hemele gebeur, gebeur ook op aarde! Hulle het ook die are in die oopgesnyde lewer van ‘n skaap bestudeer en op grond daarvan voorspellings gemaak. Die koning ontbied hulle en sê hulle moet die droom uitlê. Onmiddellik is daar spanning! Die sterrekykers probeer die situasie ontlont deur hom met die gebruiklike koningsgroet te groet: “Mag die koning vir ewig lewe” en te vra

hy moet hulle die droom vertel, dan lê hulle hom uit. Van hier af (2:4) tot by 7:28, is die boek in Aramees geskryf, ‘n sustertaal van Hebreeus. Dit is onduidelik waarom.

Die koning weier en sê dat indien hulle nie die droom kan vertel en uitlê nie, sal hulle in stukke gekap en hulle huise (letterlik) mishope gemaak word. Indien hulle suksesvol sou wees, kry hulle groot geskenke. Hulle vra weer dat die koning die droom vir hulle sal vertel. Hy weier en beskuldig hulle van ‘n sameswering om leuens vir hom te vertel. Die koning toets hulle: As hulle die droom kan vertel, sal hulle uitleg ook geloofwaardig wees!

Die wyse manne sê in hulle verweer dat geen mens daartoe in staat is nie en dat geen koning, hoe groot of magtig hy ook al was, dit nog ooit verwag het nie. Dis eintlik ‘n belediging vir Nebukadnesar! Hulle sê ook dat niemand, behalwe die gode, dit sal kan doen nie. Die woord vir “gode” is ook die woord waarmee die God van die Jode aangedui is, en onbewustelik sê die wyse manne eintlik dat net God in staat is om te doen wat die koning vra!

**Daniël 2:12-23**

Nebukadnesar word toe woedend en gee bevel dat al die raadgewers, ook Daniël en sy vriende, gedood moet word. Daniël doen navraag by Arjok,

hoof van die koning se lyfwag, wat hom inlig. Daniël gaan na die koning en vra uitstel om die droom en uitleg te gee. Hy en sy vriende smeek God vir die oplossing en dit word aan Daniël geopenbaar. Hier is ‘n skakel met die tweede deel van die boek, waar Daniël deurgaans visioene sien. In ‘n pryslied loof Daniël vir God, omdat hy die inligting aan hom geopenbaar het.

**Daniël 2:24-30**

Daniël tree in vir die Babiloniese raadgewers en vra Arjok om hulle nie te dood nie, aangesien hy die antwoord het. Arjok vat hom “dadelik” na die koning. Nebukadnesar vra hom of hy kan sê wat die droom is en dit kan uitlê. Daniël gebruik die geleentheid om van God te getuig: God kan geheime openbaar en bekend maak wat gaan gebeur. Dit kom van God af en nie omdat Daniël meer wysheid het nie! In die boek van Daniël kry God deurgaans die eer, al werk Hy deur mense, soos Daniël en sy vriende.

**Interessant dat die Babiloniese raadgewers behoue bly, omdat Daniël vir hulle intree, al is hulle ongelowiges. Wat is jou mening hieroor?**

**Is ons genoeg bekommerd oor mense wat ongelowig is?**

**Daniël 2:31-36**

Daniël gee vir Nebukadnesar die detail van sy droom, wat Daniël ‘n visoen noem: om iets van die toekoms te sien. Dit sluit dus nou aan by hoofstukke 7-12. Nebukadnesar het ‘n reuse skrikwekkende beeld gesien wat voor hom gestaan het. Die kop was van suiwer goud, die bors van silwer, die maag en heupe van brons, die bene van yster en die voete, van ‘n mengsel van yster en klei. ‘n Klip, wat sonder die toedoen van mense losbreek, tref die beeld en verpletter dit sodat alles tot stof vernietig word, wat deur die wind weggewaai word. Daar is geen teken meer dat dit bestaan het nie. Die klip self, word ‘n rots, wat die hele aarde bedek.

**Daniël 2:37-49**

Daniël lê die droom uit. Nebukadnesar is die kop van goud, die groot koning. Daniël beklemtoon dat God aan hom die mag oor die bewoonde wêreld, die mense, diere en voëls gegee het. Dit herinner aan wat God oor Adam sê in Gen 1:28. Na Nebukadnesar sal daar in ‘n toenemende mate, minderwaardige koninkryke tot stand kom (die metale neem af in waarde tot by die voete), maar koninkryke wat al hoe sterker is (die metale word ondertoe, al hoe harder), behalwe die voete van yster en klei.

Die bors van silwer, dui op die Mediërryk en die maag en heupe van brons, op die Persiese ryk. Hulle word amper net in die verbygaan genoem. Die bene van yster, is die Griekse ryk, waarskynlik bedoelende onder Alexander die Grote. Onder hom het die Griekse wêreldryk tot stand gekom. Volkere is geweldig oorwin en onderwerp.

Na Alexander se dood is sy ryk in 4 verdeel. Die voete van yster en klei, wat dus terselfdertyd sterk, maar ook swak is, dui waarskynlik op die stryd tussen die Ptolemeërs (Egipte) en Seleusiede (Sirië en Palestina). Die Seleusiede was die oorwinnaars. Daar was verdeeldheid en ‘n onvermoë om die verskeie volke tot ‘n eenheid saam te snoer. Dit herinner ook aan die toring van Babel (Gen 11) waar ‘n kunsmatige eenheid geskep wou word, maar wat misluk het.

Slegs een koninkryk kan verskillende volke / mense tot ‘n eenheid saamvoeg – God se ryk. Die klip wat sonder mense se toedoen losraak, is God se koninkryk. Geen koninkryk kan voor God se koninkryk stand hou nie en sy koninkryk oordek op die ou end die hele wêreld – niks kan God se koninkryk vernietig nie (v 44). Die klip wat die hele aarde bedek, moet gesien word teen die destydse wêreldbeeld: die aarde is plat en word deur die see omring. Volgens die Kanaänitiese mitologie is Safan, die berg in die noorde, die godeberg, die

woonplek van die gode. Hierdie beeld is deur Israel oorgeneem en aangepas – die berg Sion is nou die Godsberg, wat die aarde bedek en waar nasies ‘n woonplek vind. Dit dui dus op die universele heerskappy van God. Vanuit die Nuwe Testament, verstaan ons dit baie goed. Uiteindelik vestig Jesus Christus God se universele ryk op aarde.

Nebukadnesar betoon aan Daniël eer, amper asof hy ‘n god is. Dit is kenmerkernd van eerbetoon in die destydse wêreld. Daarna betoon hy eer aan Daniël se God wat die grootste van alle gode is en geheime kan openbaar. Nebukadnesar berg die tempelgereedskap in die tempel van sy gode, om aan te toon dat sy gode sterker as die God van Israel is. Hier erken hy egter dat dit nie so is nie – God is magtiger as enige ander god.

Daniël word beloon met geskenke en word as goewerneur van Babel aangestel, sowel as oor die raadgewers van die koning en het in die paleis aangebly, omdat hy homself as betroubare uitlêer van drome en raadgewer bewys het. Op sy versoek stel die koning sy 3 vriende aan en hulle sal in beheer wees van Babel se administrasie.

**Watter leer ons uit hierdie gebeure?**

## ALTERNATIEWE UITLEG VAN NEBUKADNESAR SE DROOM

Daar is ook ‘n ander moontlike verklaring van Nebukadnesar se droom, wat ewe geloofwaardig is. Die kop van goud is Nebukadnesar. Die bors van silwer is die Mediër-Persiese ryk, wat Babel in 539 vC verower het. Die maag en heupe van brons is die Grieks-Masedoniese ryk wat onder Alexander die Grote, die Mediër-Persiese ryk in 333 vC verower het. Die bene van yster is Rome, wat die Grieks-Masedoniese ryk in 63 vC verower het. Die voete van yster en klei stel die ineenstorting van die Romeinse ryk voor. Die ryk is toe heeltemal versplinter in verskeie sterker en swakker nasies.

.

## Daniël 3

### Daniël 3:1-2

Nebukadnesar laat ‘n reuse beeld maak – in ons mates: 30 meter hoog en 6 meter breed. Waarskynlik is die hele beeld nie van goud nie, maar met goud oorgetrek. Was dit ‘n beeld van die koning of een van die Babiloniese gode? Daar word aanvaar dit was laasgenoemde (sien 3:12), van wie die koning uiteraard die verteenwoordiger was. Dit kon ‘n gedenknaald gewees het met die net die gesig van die god bo-aan en verskeie inskripsies aan die kante – voorbeelde hiervan is bekend. Dit is onseker presies waar die Duradal is.

Die verskeie amptenare van die provinsie Babel, word opgeroep na die wyding van die beeld. Hulle word volgens protocol, opgeroep van die belangrikste, tot die mins belangrikste. Interessant dat hulle titels ‘n vermenging is van woorde uit die Babiloniese, Persiese en Griekse tale – ‘n aanduiding dat die boek Daniël in die tyd van die Griekse ryk (of later), geskryf is, of finaal klaar geskryf is. Die meeste titels is Persies, wat aangepas is om die Aramese uitspraak te vergemaklik.

Die goewerneurs-generaal was verantwoordelik vir ‘n bepaalde streek; die goewerneurs was ondergeskik aan hulle en verantwoordelik vir kleiner dele van die streek; die administrateurs was hoofde van (Persiese) gebiede. Dan is daar die raadgewers (saamgestel uit 2 Persiese woorde wat letterlik “raadgewers van die volk” beteken; dan die tesourieamptenare (letter: die bewaarders van die skatte); dan die regters (bewaarders van die wet); die landdroste (sommige vertalings noem hulle “polisiebeamptes”; laastens, al die hoofamptenare.

Die herhaling van die hooggeplaastes dui op die belangrikheid van die geleentheid. ‘n Mens kry egter ook die indruk dat die skrywer spot met die gewigtigheid van die oomblik en die belangrikheid van die gaste, deur dit telkens te herhaal.

**Daniël 3:3-7**

Toe almal voor die beeld gaan staan het, het ‘n aankondiger uitgeroep dat alle volke, nasies en taalgroep (‘n aanduiding dat die ryk uit verskeie volke en tale bestaan het), voor die beeld moes buig en dit aanbid, die oomblik wanneer die musiek van verskeie instrumente gehoor word. Wie dit nie doen nie, sal in ‘n brandende oond gegooi word. Die musiekinstrumente is bekende instrumente van destyds. Die trompet is die ramshoring; die fluit is die herdersfluit waarmee herders hulle skape bymekaar geroep het; die siter is ‘n soort kitaar; die lier is ‘n driehoekige snaarinstrument; die harp was ‘n driehoekige snaarinstrument met die klankkas bokant die snare. Daar word ook ander blaasinstrumente genoem, moontlik ‘n soort doedelsak. Weer klink die herhalings na ‘n bespotting van die gewyde seremonie. Toe die musiekinstrumente begin speel, het almal voor die beeld gebuig.

**Ons lees soms verhale van christene wat vervolg word en voor die keuse gestel word om hulle geloof af te sweer, of te sterf. Wat sou jy doen? Kan ‘n mens in so ’n situasie maak of jy jou geloof afsweer, maar dit nie bedoel nie en bly leef?**

**Daniël 3:8-12**

Sadrag, Mesag en Abednego buig egter nie en hulle word verkla by die koning. Die erns van hulle oortreding word uitgespel – die koning het hulle in beheer van die administrasie van die provinsie Babel gestel, maar hulle steur hulle nie aan die koning se bevel nie en dien nie die koning se god nie. Dus, ‘n belediging vir die god, maar ook vir die koning.

**Waar was Daniël?**

## Daniël 3:13-18

Die koning is woedend, maar gee hulle tog ‘n tweede kans en noem, grootpraterig, dat geen god hulle sal kan red uit die vuuroond nie – hulle weier egter steeds. Hulle is nie aan die koning verantwoording verskuldig nie, maar tog verduidelik hulle hulle standpunt aan hom. Ons God vir wie ons dien (hulle noem nie sy Naam nie, want die koning weet presies van wie hulle praat), sal ons red, en selfs al doen Hy dit nie, sal hulle nie buig voor die beeld nie.

## Daniël 3:19-23

Die koning word wit(warm) van woede en die oond moet 7 maal warmer gemaak word. Die sterkste manne moet hulle vasbind – daar moet geen moontlikheid van ontsnapping wees nie. Hulle word in die oond gegooi wat so warm is, dat die manne wat hulle ingooi, doodbrand, maar die 3

vriende val binne-in die oond. Die getal 7, kon dikwels in die boek voor, sowel as sy veelvoud, 70, en halveringsgetal, 31/2. Sewe is die verbondsgetal, die getal wat God se betrokkenheid by sy volk aandui. Die oond is 7x warmer, maar wat die koning ook al doen, hou die tred met die God van die verbond nie.

Ironies dat die oordeel die manne wat voor die beeld gebuig het, tref en nie die 3 manne wat getrou aan die Here gebly het nie!

**Daniël 3:24-27**

Destyds het oonde vir die smelt van metaal, ‘n opening langs die kant gehad, waardeur die vuur gestook is. Die koning sien deur hierdie opening dat daar 4 manne is wat in die vuur rondbeweeg – die vierde het die voorkoms van ‘n hemelse wese. Die raadgewers het duidelik nie ‘n verklaring nie! Die koning besef dat God die manne se lewens gered het en roep hulle uit. Die 3 vernaamste groepe gaste, sowel as die raadgewers is verstom dat die vuur geen skade aan hulle gedoen het nie – hulle ruik nie eers na rook nie.

**Daniël 3:28-30**

Nebukadnesar prys die God van Israel in ‘n roerende lofrede. Niemand mag minagtend van God praat nie – hy sal instukke gekap en sy huis ‘n puinhoop (mishoop) gemaak word. Sien 2:5. Die

koning verklaar dat geen god kan red soos die Here nie – hy sluit aan by die belydenis van die 3 manne, voor hulle in die oond gegooi is.

Die koning sorg dat dit voorspoedig gaan met die drie manne, maar ons weet dat God wat agter die skerms werk, op hierdie manier sorg vir die 3 manne wat aan Hom getrou bly.

**Nadat Daniël die koning se droom uitgelê, verklaar Nebukadnesar dat Daniël se God die grootste God is, 2:47. Het hy vergeet hiervan? Hoekom sê hy dat geen god die 3 manne sal kan red nie?**

.

## DANIëL 4

### Daniël 4:1-3

Nebukadnesar stuur ‘n proklamasie aan almal in sy ryk. Volgens gebruik, word die sender, eers genoem en dan die ontvangers. Dan is daar ‘n groet en dan volg die inhoud. Vgl 1 Kor 1:1-3 en Gal 1:1-5. Die groet in v 1 is letterlik: Mag julle vrede groot wees – ironies, want Nebukadnesar het volke met geweld en bloedvergieting onderwerp! Hierop volg ‘n lofbetuiging aan die God van Israel. Sy koninkryk is ewig en sy heerskappy duur vir altyd!

In vorige hoofstukke het Nebukadnesar telkens aan die einde van bepaalde gebeure, erkenning aan God gegee. Sien 2:47; 3:28-29. In hoofstuk 4, gee Hy heel aan die begin die eer aan God. Ironies, want in hierdie hoofstuk gaan dit juis oor sy eie grootheidswaan.

**Het die brief letterlik na almal in die hele wêreld gegaan?**

**Daniël 4:4-8**

Die koning het ‘n droom gehad wat hom ontstel het. Hy vertel die droom aan sy raadgewers, maar niemand kan die droom uitlê nie. Uiteindelik vertel die koning die droom aan Daniël. ‘n Mens sou dink op grond van hoofstuk 2, Nebukadnesar se eerste droom, sou hy eerste vir Daniël om die uitleg vra.

**Hoekom vra hy laaste vir Daniël?**

**Daniël 4:9-18**

Die koning begin deur te noem dat die gees van die gode in Daniël is. Praat Nebukadnesar van die God van Israel, of is hy terug by al die gode van die Babiloniërs?

Die koning vertel sy droom - daar staan ‘n boom in die middel van die aarde - sy belangrikheid word hierdeur gekenmerk. Verskeie godsdienste het verhale oor ‘n boom – dink maar aan die boom van die lewe – Gen 2:9. Die boom in die droom dra

vrugte en bied skuiling vir die diere. Die boom is sigbaar van oor die hele aarde en bied kos vir almal op aarde. Die boom word so groot dat dit tot aan die hemel reik, die woonplek van God. In die destydse godsdienste is die boom gewoonlik aan die koning verbind as bron was wysheid, lewe en vrugbaarheid.

‘n Engel gee bevel dat die boom afgekap word. Die stomp moet in die grond bly en ‘n yster- en bronsband om kry. Reeds is dit duidelik dat die boom Nebukadnesar is en dat hy sy verstand gaan verloor en in die veld gaan leef, soos ‘n dier. Agter die skerms van die wêreldpolitiek is God werksaam, beeïndig Hy koninkryke of laat hulle floreer.

**Daniël 4:19-27**

Daniël maak bekend dat die boom, Nebukadnesar is. Sy grootsheidswaan gaan hom tot ‘n val bring. Hy gaan sy verstand verloor en soos ‘n dier in die veld leef vir 7 jare. Die koning moet hom bekeer – ophou om ongeregtigheid te pleeg en begin om barmhartigheid te betoon!

Die feit dat die boom so groot word dat dit tot aan die hemel reik, die woonplek van God, is veelseggend. Dit sê iets oor Nebukadnesar se ydelheid, hy wil God se terrein binnedring, vir God ontsetel, groter as God wees!

**Daniël 4:28-33**

Wat Daniël sê in sy uitleg, gebeur met die koning. Twaalf maande later spog hy oor sy groot mag en prestasies, en sy droom word bewaarheid. Vir 7 jare leef hy soos ‘n dier in die veld.

**Daniël 4:34-36**

Vanaf vers 34 is Nebukadnesar weer aan die woord in sy brief aan die verskillende volkere. Hy vertel hoe hy erkenning aan God gegee het en Hom erken het as die opperheerser van die heelal en hoedat God hom herstel het.

**Is God vandag ook agter die skerms aan die werk in die wêreldpolitiek?**

**Daniël 4:37**

Na sy herstel prys en loof hy die Here. God doen wat reg is en sy optrede is regverdig. Al die mag behoort aan Hom.

Daar is ‘n kontras tussen Nebukadnesar (hfst 4) en Belsasar (hfst 5). Nebukadnesar erken God en kry sy koninkryk terug. Belsasar erken God nie en verloor sy koninkryk.

**Wat leer ons uit Nebukadnesar se val en herstel?**

.

# DANIëL 5

## Daniël 5:1-3

Belsasar gee ‘n groot ete en sy 1 000 hoofamptenare en vroue en byvroue is teenwoordig. Hulle drink wyn en toe Belsasar onder die invloed is, laat hy die silwer en goue bekers wat uit die tempel weggevoer is deur Nebukadnesar, haal en hulle drink wyn daaruit.

**Wat is die implikasie daarvan, dat hulle uit die tempelbekers, wyn drink?**

## Daniël 5:4-9

Daar word weer genoem dat hulle wyn gedrink het en toe die gode van goud, silwer, brons, yster, hout en klip geprys het. Die afgode staan dus hier teenoor die lewende God. ‘n Hand verskyn en skryf in die ligkol van die kandelaar, iets teen die muur – die spanning word verhoog deur te swyg oor wat teen die muur staan en deur die koning se reaksie te beskryf: Hy het bleek geword, hy was baie bang, sy bene het gebewe en hy was lam van die skrik. Hy het hard geroep na die voorspellers om te sê wat teen die muur staan en dit te verklaar. Wie dit kan doen, sal op 3 maniere beloon word – ‘n koninklike kleed ontvang, ‘n goue halsketting (medalje van verdienste) en hy sal 3e in rang in die

koninkryk wees. Hulle slaag egter nie daarin nie en die koning word banger en bleker. Sy hoofamptenare is verslae. Dit is onduidelik of net Belsasar die hand en die woorde gesien het.

**Daniël 5:10-12**

Interessant dat die koningin met die oplossing kom – Daniël! Hy hoef nie so bang en bleek te wees nie! Sy besing die lof en vermoëns van Daniël en noem dat Nebukadnesar hom as hoof van die raadgewers aangestel het. Sy vermoëns word in verband met die gode gebring: Die gees van die gode is in hom en hy het insig en wysheid soos dié van die gode. Daniël sal die uitleg kan gee. As die koningin dit weet, behoort Belsasar dit tog ook te weet!

**Daniël 5:13-21**

Belsasar noem Daniël se vaardighede, soos sy vrou dit aan hom gesê het en beloof aan hom die 3 geskenke wat hom te beurt sal val, indien hy die woorde kan lees en uitlê. Daniël sê dat die koning die geskenke maar kan hou of vir iemand anders gee, maar hy sal steeds die uitleg gee.

**Spreek Daniël se antwoord van nederigheid of arrogansie?**

Daniël besing die grootheid van Nebukadnesar en hoeveel respek hy wêreldwyd gehad het. Maar

weens sy grootheidswaan het hy sy verstand verloor en soos ‘n dier geword. Sy hoogmoed het hom tot ‘n val gebring en op die ou end moes hy die oppergesag van God erken. Hieruit is dit al duidelik waarheen Daniël op pad is – om Belsasar se hoogmoed aan te spreek.

**Daniël 5:22-24**

Dit lyk uit die teks asof Belsasar Nebukadnesar direk opgevolg het, wat nie die geval was nie. Daar was 4 konings tussen die twee. Daniël beklemtoon egter dat Belsasar van Nebukadnesar se val en herstel bewus is – hy moes ‘n les daaruit geleer het en nederig gewees het (verootmoedig het). Belsasar het egter nie - hy het verwaand opgetree en die bekers uit God se tempel gebruik en dooie gode aanbid. Hy het God nie geëer, deur wie se guns hy bestaan nie, daarom stuur God die hand.

**Elke keer getuig Daniël van God. Wat leer ons uit sy optrede, oor hoe ons behoort te getuig?**

**Daniël 5:25-28**

Die woorde teen die muur: ‘Getel, getel, geweeg en verdeel.’ Die betekenis: ‘Getel’: God het die jare van u koningskap getel en ’n einde daaraan gemaak. ‘Geweeg’: u is geweeg en te lig bevind. ‘Verdeel’: u koninkryk is verdeel en aan die Mediërs en die Perse gegee.”

Onder volke in die Midde-Ooste was die weeg van ‘n mens se lewe, ‘n algemene konsep. In Egipte is die een wat gesterf het, se hart geweeg – dit moes ligter as ‘n veer weeg, dan was die mens regverdig! Die Aramese woorde is: Mene, mene, tekel, ufarsin. Hier is waarskynlik ‘n opsetlike woordspel: Teenoor tekel, staan ketiel = vermoor; Ufarsin se stamwoord is parsin – wat baie naby is aan die woord vir: Perse. “Jou jare is getel, jy gaan deur die Perse vermoor word!”

**Is daar ‘n boodskap vir ons in die woorde teen die muur opgesluit?**

**Daniël 5:29-30**

Al is die uitleg wat Daniël gee, verdoemend vir Belsasar, ontvang Daniël tog die eerbetoon wat Belsasar belowe het. Interessant dat hy nie die uitleg bevraagteken nie. Daardie nag is Belsasar vermoor – die Perse het Babilonië ingeneem en die Babiloniese ryk kom tot ‘n einde.

Latere lesers: Nebukadnesar en Belsasar se hoogmoed kom tot ‘n val. Hulle ly onder Antiochus IV Epifanes – ook sy grootheidswaan sal hom inhaal!

**Wat leer ons uit hierdie gebeure?**

.

## DANIëL 6

## Historiese agtergrond – Mediërs & Perse

Oos van Babilonië, was daar destyds 2 volke – die Mediërs en die Perse. In 612 vC het die Mediërs vir Nabopolassar, koning van Babilonië, gehelp om Nineve, die hoofstad van Assirië, te verower. So word die Assiriese ryk toe die Babiloniese ryk. Daarna het die Mediërs egter al magtiger geword, sodanig so dat die Babiloniërs die Mediërs begin vrees het. Die Perse onder Kores die Grote, maak toe oorlog teen die Mediërs en Nabonidus van Babolinië, help die Perse om die Mediërs te oorwin. Geen lojaliteit teenoor ou vriende nie! Die Persiese ryk kom tot stand in 559 en bestaan vir omtrent 230 jaar.

Op sy hoogtepunt, sluit die ryk die moderne Iran, Egipte, Turkye en dele van Afghanistan en Pakistan in. Kores is “sjah” (koning) genoem. Onthou jy nog die sjah van Iran? Kores het oorwonne volke genadig behandel en hulle toegelaat om hulle kulturele gebruike en godsdiensbeoefening voort te sit. In 539 vC oorwin die Perse onder Kores die Babiloniërs en neem hulle ryk oor. In 538 vC laat hy die Jode toe om terug te keer na hulle land. Kores is opgevolg deur Darius 1 “die Grote”, wat ‘n goeie koning was. Hy het die ryk in provinsies verdeel en goewerneurs-generaal aangestel. Ook ‘n effektiewe posdiens ingestel.

Die ryk het agteruit gegaan onder Darius 1 se seun, Xerxes - die Bybel noem hom Ahasveros (sien die boek Ester), wat ‘n onsuksesvolle poging geloods het om Griekeland te verower. Dit het Persië finansieel geruïneer. Ahasveros word vermoor en sy seun, Artaxerxes, volg hom op. Die Bybel noem hom Artasasta (Esra 4:7 ev). Hy het vir Esra, die priester, in 458 vC teruggestuur na Israel (Esra 7) en vir Nehemia, wat sy skinker was, in 444 vC (Nehemia 2). Hy word opgevolg deur Darius III, wat die laaste Persiese koning sou wees. Alexander die Grote oorwin die Perse in 333 vC. ‘n Amptenaar vermoor vir Darius en die Persiese ryk kom tot ‘n einde.

**Daniël 6:1-4**

Die eerste vers plaas die gebeure van die hoofstuk in ‘n historiese raamwerk. Interessant dat Darius ‘n Mediër genoem word, terwyl hy ‘n Pers was. Daar word vermeld dat hy 120 goewerneurs-generaal aangestel het oor die provinsies, Ester 1:1 noem 127. Herodotus, die geskiedskrywer, vermeld 20 provinsies. Die groter getalle verwys dalk na die kleiner onderverdeling van die provinsies. Drie ministers, waaronder Daniël, was oor die goewerneurs-generaal aangestel. Die koning het dit oorweeg om Daniël oor die hele land aan te stel.

**Daniël 6:5-11**

Daar is professionele jaloesie onder die ministers en goewerneurs-generaal teenoor Daniël en toe hulle geen bewyse van ongerymdheid teen hom kan vind nie, bekook hulle ‘n plan om hom by die koning te diskrediteer op grond van sy toewyding aan die Here. Hulle angstigheid om hom te laat verwyder blyk daaruit dat hulle by die koning “instorm”. Hulle versoek ‘n koninklike dekreet dat vir 30 dae, niemand ‘n ander god of mens mag aanbid, behalwe die koning nie. Indien wel, word hy in die leeukuil gegooi. Skep die indruk dat hulle die koning se belange en aansien dien, maar intussen misbruik hulle die koning om Daniël by te kom. Darius stem in en vaardig die dekreet uit – in skrif, soos hulle by hom aandring, sodat daar geen twyfel oor die inhoud of wettigheid kan wees nie.

Daniël gaan na sy huis en bid in die rigting van Jerusalem, soos hy gewoond was om drie maal per dag te doen.

**Wat sê Daniël se optrede van sy verhouding met die Here en van sy karakter as mens?**

**Daniël 6:12-18**

Daniël se vyande storm by sy huis in en vind hom waar hy bid. Hulle gaan toe na die koning en verkla Daniël op ‘n slinkse wyse. Hulle storm nie weer in nie – hulle het mos nou die bewyse teen

Daniël! Hulle vra die koning om die koninklike dekreet te bevestig, wat hy doen en in die proses verf hy homself in ‘n hoek vas. Hy stel die uitvoering uit om ‘n plan te bedink, maar Daniël sy vyande storm weer by die koning in en herinner hom dat die dekreet vasstaan. Daar is geen omkeer en hy moet die opdrag gee – Daniël word toe in die leeukuil gegooi en die leeukuil word verseël. Die koning sê vir Daniël: “Mag jou God wat jy met soveel volharding dien, jou red.”

**Daniël 6:19-25**

Die koning gaan na sy paleis en het ‘n slapelose nag. Hy eet ook nie en het niks gedoen om die tyd te verdryf nie – onseker presies wat dit beteken. Vroegoggend is hy na die leeukuil en roep: “Daniël, dienaar van die lewende God, was jou God wat jy met soveel volharding dien, in staat om jou van die leeus te red?” Daniël antwoord en sê dat ‘n engel van God die leeus se bekke gesluit het – hy makeer niks! Sy vyande word toe, met hulle vrouens en kinders, in die leeukuil gegooi en dadelik verslind.

**Wat leer ons hieruit oor karaktermoord en die implikasies/gevolge daarvan?**

**Daniël 6:26-29**

Darius skryf toe aan almal in sy ryk dat: “Die God van Daniël gevrees en geëer moet word.”

Interessant dat hy nie sê dat SLEGS God aanbid moet word nie. Dit het goed gegaan met Daniël tydens die bewind van Darius en Kores. Interessant dat die skrywer die 2 omruil – Kores was Darius se voorganger. Hy noem ook vir Kores "die Pers", terwyl hy vroeër vir Darius 'n "Mediër" genoem het

**Is daar 'n boodskap vir ons in hierdie verhaal?**

## DANIëL 7

## Daniël se visoen oor die vier diere

### Daniël 7:1

Daniël het 'n droom en sien visoene in die eerste regeringsjaar van koning Belsasar, waarskynlik in 554 vC, maar hy bly stil oor die visioen (7:28). Daniël skryf dit egter op en die latere skrywer van die boek, haal waarskynlik uit hierdie geskrif aan. Daniël is hier self aan die woord. Die droom en visoene wat Daniël sien, pas dus voor 5:30 in, maar word eers hier genoem omdat dit aansluit by hoofstukke 8 – 12. Hierdie hoofstuk is in Aramees geskryf.

### Daniël 7:2-8

Daniël sien 'n groot see – destyds was die see as die woonplek van die bose magte/diere gesien (Rahab en Leviatan). Die vier winde wat die see onstuimig maak, verteenwoordig die antigoddelike

wêreldmagte of regerings. Die opstandelinge teen God word as vier diere voorgestel – vier wêreldryke: die Babiloniese, Mediese, Persiese en Griekse ryke.

Die leeu met arendsvlerke was ‘n bekende simbool teen die mure van Babilon. Die vlerke wat afgeruk word dui moontlik op Nebukadnesar wat sy verstand verloor het.

Die beer dui op die Mediërs, wat, vraatsugtig soos ‘n beer, Babel help verower het. Hy staan op sy agterpote – gereed om sy vyand te bespring en verslind.

Die luiperd met vlerke, dui op die vlugvoetigheid die Perse. Die vier koppe is moontlik die 4 Persiese konings Kores, Xerxes, Artaxerxes en Darius.

Die leeu, beer en luiperd het in die Babiloniese sterrebeld die suide (Babilonië), noorde (Medië) en die ooste (Persië) aangedui.

Die vierde dier dui op die Griekse ryk. Na Alexander die Grote se dood in 331 vC, verdeel sy generals sy ryk. Seleukos kry Sirië en Palestina en Ptolemaios kry Egipte. Die Ptolemeërs kry dit reg om Palestina af te neem by die Seleukiede. Talle Jode vestig hulle in Alexandrië in Egipte en praat naderhand net Grieks. Grieks is in hierdie tyd vereenvoudig – die vereenvoudigde weergawe is

Koiné Grieks genoem – die Grieks waarin die Nuwe Testament geskryf is. Die Ou Testament is in daardie tyd in Grieks vertaal – die Septuagint genoem. In 198 vC het die Seleukiede Palestina weer teruggewen deur die Ptolemeërs te verslaan by Banias, teenaan die Hermonberg, in die noorde van Israel. Die Jode het baie swaargekry onder die Seleukiede, veral onder Antiogus IV Epifanes, wat 175 tot 164 vC regeer het. Hy het Grieks op die bevolking afgedwing en het die tempelskatte geroof. Hy het die Joodse geloof verbied, sowel as die Joodse feeste en viering van die Sabbat. Hy het ‘n altaar vir Zeus in die tempel opgerig en varkvleis daarop geoffer. Besit van ‘n Ou Testamentiese boekrol en besnydenis van kinders is met die dood gestraf.

Hierdie dier is uiters wreed – hy verslind met sy ystertande, vermorsel met sy voorpote en vertrap met sy agterpote. Die tien horings verwys waarskynlik na 10 Griekse heersers en die klein horinkie verwys ongetwyfeld na Antiogus IV. Die drie horings wat vir moes plek maak, is opponente wat doodgemaak is. Hy tree lasterlik op en gee homself die bynaam: Epifanes = godverskyning. Hy het homself ook op munte laat afbeeld, maar met Zeus se gelaatstrekke, om sy eie goddelikheid te beklemtoon.

**Daniël 7:9-10**

Die toneel verskuif nou na die hemel, waar die trone reggesit word vir die hofsitting waartydens die diere, veral die laaste dier, geoordeel word. God gaan sit op sy troon – die ander trone is waarskynlik vir die res van die regspan. God word aangedui as die een "wat vir ewig lewe", letterlik: die "ou van dae" (1933 vertaling). Dit dui op sy ewigheid en waardigheid as regter. God heers vir ewig, teenoor die aardse koninkryke wat verbygaan. Die wit klere dui op heiligheid en betroubaarheid as regter. Die vlammende troon en wiele stem ooreen met die troonwa van Esegiël 1. Vuur is 'n teken van 'n Godsverskyning en God se oordeel. Die Perse he t geglo dat aan die einde van die tyd, die berge van staal sal smelt en dat die stroom gesmelte staal oor die aarde sal vloei. Almal moet deur hierdie rivier gaan – hulle word òf gesuiwer òf verteer.

Die boeke word oopgemaak – die mens se dade is hierin opgeskryf, goed en sleg. Die oordeel oor die vierde dier word gevel. Daar is 'n menigte engele wat in gelid staan en vir God dien.

**Daniël 7:11-12**

Al die diere se heerskappy word beeïndig. Die vierde dier word vernietig en in die vuur gegooi, vanweë die verwaandheid en godslastering van Antiogus IV.

**Daniël 7:13-14**

Uit die wolke kom iemand soos ‘n menslike wese. Wolke is dikwels as ‘n verskyning van God gesien. God en ook engele het in die Ou Testament dikwels in menslike gedaante verskyn. Moontlik is hier sprake van die engel van Israel wat die herstel van die volk na die Makkabese opstand, bewerk. Dis ook moontlik dat hierdie menslike wese die volk Israel is. Sy koningskap duur vir ewig.

Die versoeking is daar om te dink dat hierdie hemelse wese op Jesus dui. Dit is foutief. Dit gaan hier oor die herstel van Israel na die verdrukking onder die Seleukiede. Sien vers 22 & 27. God se ryk oorwin op die ou end die ander 4 wêreldryke.

**Daniël 7:15-28**

Daniël raak beangs en vra ‘n verduideliking van een van die engele. Die engel verduidelik die betekenis van die 4 diere soos hier bo reeds aangedui. Die vierde dier se eienskappe word drie maal in hierdie hoofstuk genoem, as ‘n aanduiding van hoe die volk onder die Grieke sou ly. God se koninkryk sal egter seëvier oor die ander vier – sy koninkryk is ‘n ewige koninkryk.

## Die Makkabese opstand

Die Makkabese opstand het gevolg as reaksie op die verdrukking onder Antiogus IV. ‘n Siriër dwing

‘n Jood om ‘n offer op ‘n heidense altaar te bring, in die dorp Modin, in die noorde van Israel. Die priester Mattatias, word so kwaad dat hy die Siriër vermoor. Dit is die vonk in die kruitvat en die Joodse opstand teen die Grieke begin. Mattatias, sy seuns en ander Jode trek deur die land en gooi heidense altare om. Na Mattatias se dood, volg sy seun Judas hom op. Sy bynaam was “makaab” = hamer. Onder Judas Makkabeër kry die opstand die naam van die Makkabese opstand.

Onder Judas word die altaar van Zeus uit die tempel verwyder en die tempel in 165 vC opnuut aan die Here gewy. Die tempelwyding van Joh 10:22 verwys hierna. Die Jode kan weer hulle godsdiens beoefen. Judas sit die stryd voort om ook politieke vryheid te kry. Hy sneuwel egter en sy broer Jonatan volg hom op. Simon volg later vir Jonatan op en onder sy leiding, word die Seleukiede in 141 vC oorwin en uit Jerusalem verjaag. Hy word as hoëpriester en koning verklaar en die koninkryk van die Hasmoneërs begin, vernoem na Hasmon, ‘n voorvader van Mattatias. Godsdiensvryheid is behou, maar die Jode het hulle politieke vryheid verloor met die koms van die Romeine.

## DANIëL 8

## Daniël se visoen oor die skaapram en bokram

### Daniël 8:1-2

Hierdie hoofstuk is in Hebreeus geskryf. Dit beskryf die geskiedenis van die opkoms van Alexander die Grote tot en met die regering van Antiogus IV Epifanes en sy vernietiging van die tempeldiens.

Twee jaar na die vorige visoen, sien Daniël weer ‘n visioen in die derde regeringsjaar van Belsasar, dus in 552 vC. Hy sien dit in Susan/Susa, wat die hoofstand van Elam was en wat ‘n Persiese provinsie geword het. Hy bevind homself langs die Ulairivier.

### Daniël 8:3-4

Daniël sien ‘n skaapram, wat 2 horings het. Die tweede kom later uit en groei langer. Die eerste is die Mediërryk en die tweede langer horing, die Persiese ryk, wat magtiger was as die Mediërryk en dit vervang het. Volgens ‘n Persiese dokument wat gevind is, is die skaapram die simbool van Persië en die bokram, simbool van Griekeland/Sirië, die land van Antiogus. Die skaapram, Persië, het sy mag noord, suid en wes uitgebrei. Oos word nie genoem nie, want Persië het in die ooste gelê. Niemand was teen Persië opgewasse nie. Hier word verwys na veldtogte deur Persiese konings: Kambassus (529 – 522 vC) het alles suid tot by Egipte verower, Darius (522 –

486 vC) het noord tot by Skithië verower en Xerxes (486 – 465 vC) het weswaarts verower tot by Griekeland en Athene in 480 vC ingeneem.

**Daniël 8:5-8**

‘n Bokram kom geweldig vinnig uit die weste aangestorm. Dit verwys na Griekeland en die een horing, is sy eerste koning, Alexander die Grote. Hy was baie magtig en het groot suksesse behaal. Die Perse word in 3 veldslae verslaan, die finale slag in 331 vC en die Persiese ryk hou op bestaan. Niemand kon die skaapram teen die bokram beskerm nie. Op die hoogtepunt van sy mag, sterf Alexander in Babilon aan een of ander koors (331 vC) – die groot horing word afgebreek en in sy plek het daar 4 opvallende horings uitgekom – opvallend, want hulle sou die destydse bekende wêreld oorheers. Alexander se 4 generaals verdeel sy ryk: Ptolemaios kry Egipte (suide), Filippus kry Masedonië/Griekeland (weste), Antigonus kry Klein-Asië (noorde) en Seleukos kry Sirië en Babilonië (ooste).

**Daniël 8:9--12**

Uit die een horing, groei ‘n horing wat eers onaansienlik was, maar toe buitengewoon magtig geword het. Dit verwys na Antiogus IV Epifanes. In die suide het hy Egipte oorwin in 169-168 vC en na die ooste teen die Perse en Parte opgetree. Hy het

ook die pragtige stad, Jerusalem, aangeval. Sy optrede kom neer op oorlog teen God en hy het selfs die hemelse leërmag aangedurf – sterre is as gode gesien. Hy het die daaglikse offer verbied, ‘n altaar vir Zeus in die tempel opgerig en ‘n vark daarop geoffer. Die “sondige erediens” verwys hierna. Hy was baie magtig.

**Daniël 8:13-14**

‘n Hemelse wese, gewoonlik verwysing na ‘n engel, vra vir ‘n ander een hoe lank dit sal aanhou. Die antwoord: 2 300 aande en oggende, dus, ongeveer 3 jaar. Vir die Jode begin die nuwe dag in die aand ongeveer 18:00 en duur tot die volgende dag. Na hierdie tyd sal die heiligdom herstel word. Die apokriewe boek 1 Makkabeërs, sê dat die ontheiliging van die tempel in Desember 168 vC plaasgevind het en dat die tempeldiens herstel is in Desember 165 vC. Uiteindelik was dit die Makkabese opstand (sien vorige studiestuk) wat die herstel van die tempeldiens moontlik gemaak het. Dit word nou nog elke jaar in Desember deur die Jode gevier as die Ganukkafees – die fees van die lig. Johannes 20:10 verwys hierna as die fees van die tempelwyding. Antiogus IV Epifanes is ‘n jaar na die tempelwyding dood aan ‘n siekte.

**Daniël 8:15-18**

Daniël wonder oor die verklaring van die visioen. Die engel Gabriël verskyn aan Daniël en ‘n stem uit die rivier sê hy moet dit vir Daniël verklaar. Toe hy begin praat het Daniël bewusteloos op die grond geval. Die engel bring hom egter by en sê vir hom die visioen dui op gebeure in die eindtyd.

**Daniël 8:19-27**

Die uitleg word gegee soos wat hier bo bespreek is. Weer word genoem dat dit dui op gebeure in die eindtyd. Antiogus sal ‘n verskriklik verwoesting saai en baie mense sal sterf. Daniël word verseker dat dit op werklik gebeure dui, maar dat hy dit geheim moet hou. Dit gaan eers in die verre toekoms plaasvind. Van die visoen (552 vC) tot en met die ontheiliging van die templ (168 vC) verloop 384 jaar.

Daniël is totaal uitgeput na die visoen en is vir ‘n tyd lank siek. Hy hervat mettertyd sy pligte in die paleis, maar is steeds ontsteld oor die visioen.

## DANIëL 9

## Daniël se gebed vir die volk en die einde van die verdrukking

**Daniël 9:1-3**

Die eerste regeringsjaar van Darius, is die jaar 538 vC. Met die oorwinning van die Perse oor die Babiloniërs, het daar ‘n verwagting onder die ballinge ontstaan, dat hulle sou terugkeer na hulle land, volgens Jeremia se profesieë in Jer 25:12-14 en 29:10-14. Dit gebeur egter nie en Daniël moes die geheim daaragter oplos. Daniël ontvang nie ‘n visioen nie, maar wend hom in skuldbelydenis namens die volk en leiers, tot God. Ter voorbereiding vas hy en as teken van verootmoediging trek hy rouklere aan en gooi hy as op sy kop.

**Daniël 9:4-20**

Sy gebed herinner aan tipiese Joodse boetedoeninggebede – vergelyk 1 Konings 8:23-53 en Esra 9:6&15 en Nehemia 9:6-37. Die gebed verskil van ander dele van die boek – daar is geen Griekse, Persiese of Aramese leenwoorde nie. Dit fokus op die verwoesting en herstel van die tempel en Jerusalem en hier gebruik die profeet vir die heel eerste keer die naam Jahwe. Die verbondsnaam vir God. In die lig van vers 4 is dit verstaanbaar: “U handhaaf u verbond en u trou…” Hy bely die volk se sondedade, sowel as sondes van versuim (5&6). Boonop het hulle hulle nie gesteur aan die waarskuwings van die profete nie. Die leiers word apart genoem, omdat hulle ‘n groter verantwoordelikheid dra. As gevolg van

hulle sonde en ongehoorsaamheid, straf God die volk.

Die vloek/oordeel waarvan Moses gepraat het, verwys na Levitikus 26 en Deuteronomium 28. Die ontheiliging van die tempel het nie sy gelyke in die wêreldgeskiedenis nie. Die volk word gestraf weens hulle sondes en omdat hulle nooit die saak met die Here reggemaak het nie. Hy doen ‘n beroep op God se barmhartigheid teenoor die volk, op verskeie gronde:

1. God het sy volk uit Egipte gelei. 2. Weens hulle straf, spot almal met hulle.
3. Ter wille van God self en sy verwoeste heiligdom. 4. Die volk en die stad se verlatenheid.

**Daniël 9:21-23**

Terwyl Daniël nog bid, antwoord God deur ‘n besoek van die engel Gabriël. Dit vind plaas op die tyd van die aandoffer, wat afgeskaf was en nie meer plaasgevind het nie. Insiggewend dat dit juis op daardie tyd plaasvind, wat die ontmoetingtyd met God was. Gabriël wil seker maak dat Daniël die visioen sal verstaan.

**Daniël 9:24**

Jeremia se aanduiding dat die ballingskap 70 jaar sou duur, dui waarskynlik slegs daarop dat dit een

geslag sou duur. Die 70 jaar word nou 70 tydperke genoem. Dit dui waarskynlik op die sabbatsjaar, die rusjaar, sodat die land kan herstel. Nou sal God sy volk na die ballingskap, herstel. Die sabbatsjaar was elke 7 jaar en 70 is dus 10 x 7 jaar = die volle tydperkperk wat die ballingskap sou duur. Dan sal die goddeloosheid tot ‘n einde kom en versoening gedoen word vir die volk se sondes, daar sal blywende geregtigheid wees en die tempel sal herstel word.

Die herstel waarvan hier gepraat word dui nie slegs op ‘n einde aan die ballingskap nie, maar ook op die herstel na die verdrukking deur die Seleukiede onder Antiogis IV Epifanes.

**Daniël 9:25**

Die 70 tydperke word in 3 verdeel: 7, 62 en 1.

7: Hierdie tydperk duur vandat die dekreet deur Darius I gegee is dat die volk mag terugkeer na hulle land, totdat ‘n regeerder wat deur gekies is (messias), kom. Dui waarsskynlik op Serubbabel.

62: Tydens hierdie tydperk sal Jerusalem opgebou word, alhoewel dit moeilike tye sal wees. Hierdie tydperk kom tot ‘n einde wanneer ‘n leier (messias) vermoor word – waarskynlik die priester Onias III wat in 171 vC vermoor is.

**Daniël 9:26-27**

1: Tydens hierdie tydperk sal die stad Jerusalem en die heiligdom/tempel verwoes/ontheilig word deur ‘n ander regeerder – Antiogus. Hy sal ‘n ooreenkoms met die vooraanstaande mense van die volk aangaan (wat inderdaad gebeur het) en dan sal die offerdiens afgeskaf word. Die gruwel in die een hoek van die tempel is die Zeusbeeld wat opgerig is en wat sou staan tot aan die einde van die tydperk (die eindtyd). Dan sal die nuwe regeerder self verwoes word – Antiogus sterf in 164 vC en die verdrukking van die volk kom tot ‘n einde.

## DANIëL 10-11

## Die openbaring wat Daniël sien en die verklaring

Hoofstukke 10-12 vorm ‘n eenheid, wat uit 3 dele bestaan: Die verskyning van ‘n hemelwese ter voorbereiding op die openbaring, die openbaring en die uitleg daarvan.

### Daniël 10:1

In die derde regeringsjaar van koning Kores (536 vC), ontvang Daniël ‘n openbaring, waarvan die betekenis later in ‘n visioen aan hom bekend gemaak word. Daar word beklemtoon dat dit ‘n egte openbaring is, wat moeilik verstaanbaar was, totdat dit aan hom geopenbaar is. Eerste keer dat Daniël op sy Babiloniese naam Beltsasar, genoem

word in die 2e deel van die boek. Interessant dat Daniël in hoofstuk 1-6 oënskynlik gesigte sonder moeite kan verklaar, maar in 7-12 word telkens genoem dat die visioene moeilik was om te verstaan.

**Daniël 10:2-8**

Daniël vas vir 3 weke, van 3-24 Nisan. Dit beteken dat hy nie deelneem aan die paasfees en fees van die ongesuurde brode nie. Dit is moontlik ‘n vooruitskouing na die tyd toe Antiogus IV die Joodse feeste verbied het. Op 24 Nisan sien Daniël die visioen by die Tigrusrivier. Die man het ‘n priesterlike gewaad – linnekleed met goue gordel. Sy indrukwekkende voorkoms word met verskeie beelde beskryf. Weerlig het dikwels verband gehou met ‘n godsverskyning. Dit is moontlik die engel Gabriël, soos die latere konteks suggereer. Slegs Daniël sien die man, maar die ander mense by hom vlug angsbevange. Daniël is magteloos, doodsbang en het geen krag nie.

**Daniël 10:9-21**

Daniël raak bewusteloos by die aanhoor van die engel se boodskap. Die engel rig hom op, maar hy bly bewe. Sy kragte het ingegee en hy kon skaars praat. Ons weet nog nie wat die inhoud van die visioen is nie, maar Daniël is baie ontsteld daaroor.

Destyds is geglo elke volk het ‘n eie (beskerm)engel wat die belange van die volk behartig. Wanneer volke teen mekaar oorlog maak, is geglo dat dieselfde stryd in die hemel afspeel, tussen hulle engele. Die Persiese engel het vir Gabriël 21 dae (selfde tyd as Daniël se vas) lank teruggehou, maar dis nou verby en hy noem 3x dat hy na Daniël moes kom met die visioen.

Die engel versterk vir Daniël en noem hom 2x “jy vir wie God lief het” en roep hom 2x op om sterk te wees.

Die engel noem dat hy teen die engel van Persië moet gaan veg en dan gaan die engel van Griekeland kom – dus, die einde van die Persiese ryk en die opkoms van die Griekse ryk.

**Daniël 11:1**

Die engel noem hier dat hy in die eerste regeringsjaar van Darius, vir hom moes bemoedig. Waarskynlik ‘n aanduiding dat God betrokke is by die groot politieke verskuiwings wat in die geskiedenis plaasvind.

**Daniël 11:2-4**

Dit word aan Daniël geopenbaar dat daar 3 Persiese konings sal wees en die vierde sal besonder magtig wees en selfs die ryk tot in Griekeland uitbrei. Die opkoms van die Griekse ryk

onder Alexander die Grote word voorts beskryf. Hierdie gebeure staan vas, sê die engel. Alexander regeer net vir ‘n kort tydjie en dan word sy ryk onder sy vier generaals verdeel – al vier ryke swakker as die oorspronklike ryk van Alexander.

**Daniël 11:5-20**

Die visioen word beskryf en stem ooreen met latere gedokumenteerde gebeure in die geskiedenis. Die koning van die suide is Ptolemaios I van Egipte en die koning van die noorde is Seleukos I, hier Ptolemaios se general genoem, omdat hy Ptolemaios gehelp het om Antigonus (Masedonië) te verslaan. Seleukos I het magtiger geword en oor die “groot ryk” (Sirië) geheers (v 5). Die 2 ryke het ‘n vredesverdrag gesluit, wat bekragtig is deur ‘n verdragshuwelik toe Ptolemaios II sy dogter Berenice aan Antiogus II gegee het, op voorwaarde dat hy van sy vrou Laodice skei, wat hy gedoen het. Laodice vergiftig vir Antiogus II en vermoor vir Berenice en haar seuntjie (v 6). Berenice se broer, Ptolemaios III neem wraak en oorwin die Seleukiede en buit selfs hulle gode (v 7-8).

Seleukos II val Egipte aan, maar dit misluk (V 9). Seleukos III en Antiogus III, seuns van Seleukos II probeer Egipte oorwin, maar slaag nie daarin nie (v 9). Ptolemaios IV het die Seleukiede

verpletterend verslaan in 217 vC by Rafia, maar het dit nie opgevolg nie (v 10 - 12). Gevolglik val Antiogus III in 203 vC Egipte aan en neem Egipte in (v 13). Egipte was verswak aangesien Ptolemaios IV en sy vrou gesterf het en sy minderjarige seun Ptolemaios V hom opgevolg het. As gevolg van die politieke woelinge, was daar orals in die ryk opstande, ook in Palestina (v 14). Antiogus III neem Gasa by Egipte af (v 15) en daarna ook Israel (v 16).

Die opkomende mag van Rome dwing Antiogus III om ‘n samewerkingsverdrag met Egipte te sluit en hy gee sy dogter, Kleopatra (‘n voorsaat van die bekende Kleopatra) aan Ptolemaios as vrou. Dit werk egter nie uit nie (v 17). Toe spits Antiogus III hom daarop toe om die westelike kusgebiede te verower om die Griekse ryk te herstel, maar die Romeine, onder Lucius Scipio, die “ander leier” dryf hom terug in 190 vC by Magnesia (v 18). Hy sterf ‘n paar jaar later tydens ‘n veldtog (v 19).

Seleukos IV het ‘n belastinggaarder aangestel, maar Seleukos IV is later vermoor (v 20).

**Daniël 11:21-39**

Nou tree die berugte Antiogus IV Epifanes, na vore. Hy kom op slinkse wyse aan bewind deur sy broer te vermoor (v 21). Hy het baie suksesse behaal en ook die leier van die Joodse volk, die

hoëpriester Onias, verwyder en in 171 vC vermoor (v 22). Hy steur hom nie aan bondgenootskappe nie en met slim planne oorwin hy sy vyande en brei sy ryk uit (v 23-24). In 170 vC oorwin hy Egipte onder die jong Ptolemaios VI, veral omdat daar in eie geledere sameswerings teen hom was (v 25-27). Op pad terug, met baie buit het hy die land van die Jode onderwerp (v 28). Antiogus IV se 2e veldtog teen Egipte misluk (v 29) as gevolg van die opkoms van die westelike kuslande, die Romeine (v 30). Hy haal sy woede en frustrasie uit op God se volk. Dis reeds bekend dat hy die tempel- en offerdiens afgeskaf het, sowel as die Joodse feeste. Hy rig ‘n altaar (die gruwel) vir die Griekse god Zeus in die tempel op (v 31).

Sommige Jode het Antiogus IV gesteun maar ander het getrou gebly aan God (v 32). Dit het tot onenigheid gelei en die Makkabese opstand volg. Daar was tweespalt en baie mense het vir die skyn by die opstand aangesluit. Uiteindelik sal die volk gesuiwer en gelouter word totdat die eindtyd kom (v 33-35).

Antiogus IV se arrogansie en selfverheffing word, soos voorheen, omskryf. Hy verhef homself bo God (v 36). Hy het die Griekse god Apollo vervang met Zeus Olimpus en hom aanbid (die vestinggod van v 38) en hom ook nie gesteur aan Tammus, die god wat deur die vroue aanbid is nie (v 37-38).

Tammus was ‘n vrugbaarheidsgod in Mesopotamië en is daarom deur die vroue aanbid – sodat hulle kinders kan kry. Dit is bekend dat Antiogus diegene wat hom gedienstig was, vergoed het (v 39).

**Daniël 11:40-45**

Die eindtyd breek nou aan – die einde van die Jode se verdrukking onder Antiogus IV, maar ook Antiogus se einde! Egipte val Antiogus aan en Antiogus slaan met geweld terug. Hy val weer die Jode aan en daarna Egipte, Libië en selfs Kus (Ethiopië). Binnelandse gebiede soos Edom, Moab en dele van Ammon bly sy woede gespaar, omdat hy kuslangs trek om Egipte aan te val. Hy plunder Egipte.

Gerugte uit die ooste en noorde, waar die sentrum van sy mag was, bereik Antiogus – dalk opstand van een of ander aard? Hy trek woedend terug en val die volk van God weer aan. Sy tente staan tussen die Middellandse see en die tempelberg. Baie mense sterf. Maar uiteindelik sterf Antiogus IV in 164 vC, volgens geskiedskrywers, in Tabai, naby Susa. Sy opstand teen God is verby - die godsverskyning (Epifanes) is dood, maar God leef!

## DANIëL 12

## Die openbaring wat Daniël sien en die verklaring (vervolg)

Hoofstukke 10-12 vorm ‘n eenheid, wat uit 3 dele bestaan: Die verskyning van ‘n hemelwese ter voorbereiding op die openbaring (hfst 10), die openbaring en die uitleg daarvan (hfst 11) en die eindgebeure (hfst 12).

**Daniël 12:1-3**

Die eindgebeure waarvan hier gepraat word, dui na alle waarskynlikheid op die einde van Antiogus IV en die finale oorwinning van die Godsryk. Die verskyning van die aartsengel Migael, dui op God se teenwoordigheid, selfs in die swaarste en moeilikste van omstandighede. Talle sal sterf, maar die regverdiges, wie se name in die boek opgeskryf is, sal oorleef. Dit dui waarskynlik op ‘n sensusboek – met ander woorde, al God se kinders, almal wat aan Hom getrou bly, sal oorleef. Maar diegene wat reeds onder die verdrukking van Aniogus IV gesterf het, sal opstaan uit die dood.

Dit is die eerste maal in die Ou Testament, dat die opstanding ter sprake kom. Soveel mense het sinneloos gesterf onder Antiogus IV, dat die besef al hoe meer by die Jode gegroei het dat die dood nie die einde is nie. Almal, gelowig en ongelowig, sal opstaan uit die dood. Die dood van die wat onder Antiogus IV gesterf het, was nie sinneloos

nie, want hulle sal opstaan en vir ewig lewe. Die leiers wat die volk verstandig gelei het, sal soos die sterre skitter. Sterre is gewoonlik met engele vereenselwig, so hierdie leiers sal besondere aansien geniet in God se nuwe koninkryk.

**Daniël 12:4**

In die apokaliptiese literatuur is geheimhouding dikwels belangrik. Meer as een keer word, tydens die visoene wat Daniël sien, genoem dat dit geheim gehou moet word totdat die eindtyd aanbreek, met ander woorde, totdat hulle in vervulling gaan en Antiogus IV se verwoesting tot ‘n einde kom. Mense sal nuuskierig wees en wil weet waaroor die visoene gaan. Op die ou end sal dit geopenbaar word met die einde van Antiogus IV se terreur.

**Daniël 12:5-13**

Daniël sien 2 persone, waarskynlik engele, wat weerskante van die Tigrusrivier staan en vir ‘n derde persoon, met linneklere aan, waarskynlik Gabriël, vra hoe lank dit alles sal duur. Destyds moes daar twee getuies teenwoordig wees wanneer iemand ‘n eed afgelê het. Gabriël lê ‘n eed af dat dit die verdrukking sal ophou na die vasgestelde tyd – met ander woorde, dit sal nie vir altyd aanhou nie, daar sal ‘n einde aan kom, wanneer die volk van God heeltemal vernietig is.

Die vasgestelde tyd, is letterlik: ‘n tyd, tye en ‘n halwe tyd – 1 jaar, 2 jaar en ‘n halwe jaar = 3 en ‘n half jaar. Dus, die tyd vanaf die offerdiens afgeskaf is deur Antiogus IV (Desember 167 vC), tot en met die sterwe van Aniogus IV in 164 vC. Dan is die eindtyd verby. Die verdrukking is verby en God se volk is bevry. Daniël wil weet waarop dit alles gaan uitloop, maar die engel sê vir hom dat dit eers aan die einde geopenbaar gaan word. Daniël self is dus nie bewus van die presiese betekenis van die openbaring wat hy ontvang nie. Hierdie geheimsinnigheid is tipies van die apokaliptiese literatuur.


Vanaf hoofstuk 7, gaan dit deurgaan oor diegene wat getrou bly aan God en die goddeloses. Hierdie hoofstukke is ‘n appel op God se volk om getrou te bly tydens die felste vervolging en om nie hulle geloof prys te gee nie. Hulle sal gesuiwer, gereining en gelouter word tydens die vervolging.

Op die vraag hoe lank dit gaan duur, is die antwoord ontwykend en word telkens as verder in die toekoms aangedui, waarskynlik om aan te dui dat dit in God se hande is, en nie vir mense om te weet en te verstaan nie. Die 1 150 dae van 8:14 word hier 1 290 en net daarna 1 330. Daniël word opgeroep om getrou te bly, dan sal hy sterf, maar opstaan uit die dood. Daniël het gesterf lank voordat sy visioene in vervulling getree het, maar

vir die volk van God in die tyd van Antiogus IV, was hierdie visoene ‘n bemoediging om getrou te bly aan God, want die finale oorwinning behoort aan God.

Die Nuwe Testament sluit aan by die begrip van die eindtyd. Vir ons is daar ‘n nuwe eindtyd, wat aanbreek met die koms van Jesus Christus. Ook vir ons is daar die belofte van die opstanding en die ewige lewe.

## Kaart van die Babiloniese Ryk in die tyd van Daniël




.

## Ryke en Regeerders

Die boek Daniël dek 'n lang tydperk van die geskiedenis van Israel tydens die ballingskap en selfs daarna. Om die boek teen sy historiese agtergrond te kan lees, plaas ons hier 'n tabel van die belangrikste regeerders en gebeurtenisse.

| | **Babiloniese Ryk** | | | | **Persiese Ryk** |
|---|---|---|---|---|---|
| 626-605 | Nabopolassar | | | 680 | Agaimenes |
| 604-562 | Nebukadnesar | | **Mediër Ryk** | | |
| 586 | Jerusalem word verower | 586-550 | Astiages | | |
| 562-560 | Amél-Marduk | | | | |
| 560-556 | Nelgalsaresar | | | | |
| 556 | Labasji-Marduk | | | | |
| 555-539 | Nabonidus | | | 550-530 | Sirus II (Kores) |
| 549-539 | Belsasar | | | 539 | Sirus verower Babel |
| | | | | 538 | Jode gaan terug na Palestina |
| | | | | 530-522 | Kambuses |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 522-486 | Darius I die Mediër |
| | | | | 486-464 | Serkses (Ahasveros) |
| | | | **Griekse Ryk** | 464-423 | Artaserkses (Artasasta) |
| | | 336-333 | Aleksander die Grote | 336-331 | Darius III |
| | **Ptolomeërs (Egipte)** | | | 333 | Aleksander die Grote verslaan die Perse |
| 323-285 | Ptolemeüs I | | | | **Seleukiede (Sirië)** |
| 198 | Seleukiede verslaan Ptolomeërs by Paneas | | | 312-281 | Seleukus I |
| | | | | 223-187 | Antiogus III (die Grote) |
| | | | **Die Makkabeërs** | 187-175 | Seleukus IV |
| | | 167 | Makkabese opstand begin | 175-164 | Antiogus IV Epifanes |
| | | 166-165 | Judas Makkabeër behaal oorwinnings | | |
| | | 164 | Herinwyding van | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | die tempel | | |
| | | 141 | Simon word hoëpriester | | |
| | | | **Die Hasmoniërs** | | |
| | | 135-104 | Johannes Hirkanus I | | |
| | | 103-77 | Aleksander Janneüs | | |
| | | 63-40 | Hirkanus II slegs hoëpriester en nie meer koning nie | | |
| | | 37 | Die Romeine maak Herodus Antipater koning | | |

.

## Ander bronne, inligting en leeswerk

**Die Babiloniese Ryk** - 'n kort opsomming van die geskiedenis van die Babiloniese ryk - **c.EKE** (elektroniese Christelike Kerninsiklopedie)

**Visie vir die Toekoms** (PDF formaat) - Oordenkinge oor die boek Daniël deur Louis Nel. Hierdie is geensins bedoel om 'n Bybelstudie te wees nie maar eerder om jou in vandag se tyd te laat dink oor die gebeure in Daniël.

**Visie vir die Toekoms** (ePUB formaat)   -  indien jy verkies om dit eerder as 'n e-boek te lees op jou selfoon.

**Gewaarborgde Oorwinning** - ds Wouter Ten Haaf - Hulp by die Bybelstudie van die boek Daniël